Paassangdiens 2022

Ons Paassangdiens, Sondagaand, 10 April 2022, is deur ‘n groot aantal lidmate (en mense van elders) bygewoon.

Ons baie bekwame orrelis, Babette Viljoen, het weereens gesorg vir ‘n uitvoering van uitnemendheid.

Elke persoon wat deelgeneem het aan die kwartet, koorsang, solosang, orrel- en klavierbegeleiding en ook die kinders se sang en voordrag, het bygedra tot ‘n besondere geestelike belewenis!

Dit het ons opnuut verwonderd gelaat en met dankbaarheid gevul oor dit wat Jesus deur Sy kruisdood en opstanding vir ons kom doen het!

Jong Callum het die Geloofsbelydenis voorgelees, en sy sussie Kayley het ‘n roerende weergawe van “Jesus loves me” gelewer.
G. & S. v.B